




FRANSE SENDING

Kinderevangelisasie (CEF)



Nuusbrief 1 – 2018

'n Ewigheidsperspektief verander alles

“.. God het ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor **Hy ons bestem het.**” Ef. 2.10b



Jy, jou kinders en kleinkinders pas in in God se groter Raadsplan. In een asemteug praat God van vier generasies – *Hy het ons voorvaders beveel om Sy Woord (die*

Bybel) aan hulle kinders bekend te maak, sodat die volgende geslag dit kan weet en die kinders wat nog gebore sal word, dit weer aan hulle kinders kan vertel. Psalm 78. Die Franse vlugteling Hugenote het 330 jaar gelede ook ingepas in God se groter plan om Suid-Afrika te seën. *Wanneer laas was julle by die sprokiesagtige **Franschhoek?**...* As julle weer gaan neem julle kinders of kleinkinders saam. Gaan

staan voor die dammetjie van die Hugenote vrouemonument. Vertel hulle van die groot wonders van God se genade oor al die jare. Vertel hulle die Franse Hugenote geskiedenis. “**History**” God se plan met ons land en Franse voorouers. 1 uit 4 was 'n Fransman. As jy die Hugenote geskiedenis vergeet het, besoek die pragtige Hugenote museum daar langsaan.

Uit dankbaarheid teenoor God kan ons weer die Evangelie terugneem na ons stamland Frankryk en na die wêreld.



In die voorwoord van die aangrypende Hugenote vlugteling gesinsverhaal “Die verre Roepstem” vra Annalou Marais : *Hoe kosbaar is ons geloof vandag nog vir ons? Wat is jy bereid om prys te gee vir jou geloof in Jesus?* Die Hugenote het hulle land (**grond**), besittings en in baie gevalle familie, verlaat eerder as om hulle nuutgevonde geloof te verloën. Ds. Piet Grobler sê : Laat ons nie die land van die Hugenote vergeet nie. Vandag is Frankryk 'n land waar die Christendom baie swak is. Die meeste mense daar besit nie 'n Bybel nie, gaan nie kerk toe nie en weet min van die Here af. *Sal ons nie deur gebede, gawes en sendelinge Frankryk help om weer terug te vind wat hulle verloor het nie?*

Die Franse span pas IN

Ten spyte van beproewinge gaan die Franse span moedig voort om aan duisende kinders die Evangelie te bring in die opelug, huisklubs, vakansieklubs, kampe ens. Die nasionale byeenkoms se tema was “bemoediging”. Ons is bemoedig deur die Bybelse boodskappe, deur die getuienisse oor wat Jesus doen om kinders te red, hoe hulle groei in hulle geloof en nuwe projekte. Volgende jaar sal **CEF Frankryk sy 70 jarige bestaan** vier. Aan God al die eer vir Sy werk en voorsiening oor 70 dekades vir die geloofsendingaksie!



CEF Europa INTERNET

Evangelisasie

Op die oomblik is dit 'n moeilike fase in die ontwikkeling van nuwe Toepassings. Bid asseblief saam dat die Here fondse sal voorsien en lei hoe om vandag se kinders en tieners deur Internet te beter te bereik. Elke jaar word baie Europese kinders op die wyse bereik.

Kinders pas IN, die Hugenote nasate pas IN

Soos in die geval waar God kinders gebruik het om 'n kerk tot stand te laat kom in **Johannes Calvyn se geboortedorp**, gebruik God vandag nog kinders in Frankryk om Sy glorie te vertoon. So word hele gesinne gered en kerke geplant. 'n Ywerige ondersteuner van die Franse Sending, 'n **Malan** nasaat van die Franse Hugenote skryf : "Ek bly maar 'n stoere Hugenoot. **Ek bid elke oggend en aand vir die werk wat julle verrig. Wanneer ons die kinders vir Koning Jesus se koninkryk wen, wen ons 'n volk.**"

Die boek "**Malans van SA**" van Dr. Hercules Malan word bekend gestel in Franschoek op 14 April 2018 wanneer die Hugenote Vereniging die 330ste herdenking van die Hugenote se aankoms aan die Kaap van Goeie Hoop vier.

Europa se kinders pas ook IN – Pooland mooi verhaal

'n Paar jaar gelede het iemand vir 'n Poolse dame 'n Bybel gegee. Sy wou dit graag lees en verstaan. Later het sy haar 3 dogters na 'n CEF Goeie Nuus Klub geneem. Oor Kersfees tyd is die dogters uitgenooi na 'n kerk om die Bybelversies wat hulle in die klub geleer het voor te dra. Hulle ouers is ook genooi. Hulle Pa het eers geweier en gesê hy wil nie na 'n "sirkus" toe gaan nie ! Sy vrou het aangedring en toe besluit hy om maar te gaan. In dié erediens het die Heilige Gees die hele familie totaal verander. Tuis het die Pa sy vrou gevra om asseblief die Bybel vir hom te lees. Twee maande later het die hele familie tot bekering gekom en Christus aanvaar as Verlosser. Nou is dit al drie jaar sedert die familie betrokke is by die kerk en Kinderevangelisasie.




JY pas IN. Alles is deur Jesus en vir Jesus geskep (Kolossense 1.16)

Kies
jou
streek

Bid
vir
her-
lewing

Jesaja
55.10-11



Elke mens is geskape om Jesus en God te verheerlik. Miljoene kinders en ouers regoor Frankryk het die afgelope 10 jaar deur uitreike 'n Evangelie ontvang. Daar is vasgestel dat AL die HERLEWINGS, ingesluit die Reformasie, verband hou met die Spesifieke Openbaring, die Bybel wat by mense uitgekome het. Ons wil u uitnoui om volgens die belofte van Jesaja 55.10 en 11 dat : "God se Woord altyd doen wat **Hy gedoen wil hê** en tot stand bring waarvoor **Hy dit gestuur het**", gereeld te bid vir 'n bepaalde streek. Kies asseblief een hier langsaan en bly bid vir **HERLEWING onder die mense** – soos ons God **bly vertrou** vir reën in die Wes-Kaap. **Dié Frankryk gebedskaartjies is beskikbaar tydens ons besoek aan SA.** Laat ons

asb. weet watter streek jy gekies het. Bloemhof@free.fr

Baie dankie vir elkeen wat help deur gebede, gawes of deur te kom om **die Evangelie in Frankryk** en in die Franssprekende wêreld te bring. *Johan en Rita Bloemhof*

DEPUTASIE: In Suid-Afrika tot 17 Mei . RSA selnommers. Johan: 0818227946 Rita: 0818505705

BANK/INTERNET of STOPORDERS

Bank: FNB Rek. naam: Child Evangelism Fellowship;
Verwysing: Meld asb. u NAAM en VAN en sê: "VIR ds J.F. Bloemhof nr 30"
Rek. nr.: 53 800 042 847
Takkode: 200912 Stuur 'n afskrif van u inbetalings aan cefsafinance@gmail.com of Faks 086 540 6700 vir 'n amptelike kwitansie.

BYDRAES PER TJEK:

Maak asb. uit aan :
"Child Evangelism Fellowship"
Spesifiseer asb:
VIR "ds J. F. Bloemhof Nr 30"
Stuur asb. u tjek bydraes aan :
CEF posbus 3139
Somerset-Wes 7129

Navrae: Mnr. Ernest van Zyl
Tel 0817367679 **E-pos:**
ernest.cef@gmail.com

DEBIETORDERS vorms, Nuusbriefe en Gebedsversoeke:
beskikbaar by bloemhof@free.fr
Tel +33160861989
Sel +33649422585